Pat Hinde Toyota Boksburg **Tel: (011) 914 8700**
190 Atlas Rd, Anderbolt, Boksburg

Lead the way Toyota

Kontak Trevor Weitz vir enige nuwe of gebruikte voertuie asook dienste.

Geagte Ouers

OMSENDBRIEF NR. 1 - 2012.01.23 **Baie Welkom!**

Die Beheerliggaam en Personeel van Laerskool Baanbreker wens u en u gesin 'n baie voorspoedige nuwe jaar toe. Ons sien uit na 'n aangename jaar!

Baie hartlik welkom aan alle nuwe ouers en leerlinge. Mag u verbintenis met Laerskool Baanbreker lank en aangenaam wees !

1. **SKOOLTYE**

Let asb daarop dat die skooltye as volg is:

- Gr. 1 – 3 : 07:40 tot 13:00
- Gr. 4 – 7 : 07:40 tot 13:30 (Vrydae tot 13:00)

Skoolgelde vir 2012:

Tydens die jaarlikse begrotingsvergadering is die volgende besluit:

Die jaarlikse fooi vir 2012 beloop :

- R 8250 per kind wat die registrasiegeld vir 2012 insluit.
- Die registrasiefooi vir 2012 is R 750 per kind en vorm deel van die totale jaarlikse skoolgeld.
- Die maandelikse heffing (Januarie tot Oktober) beloop dus R 750 per maand en is *vooruitbetaalbaar voor die sewende van elke maand* (R 8250 - R 750 registrasiefooi = R 7500 gedeel deur 10 maande = R 750 per maand). Aangesien die skool op 18 Januarie begin het, is die eerste paaiement onmiddellik betaalbaar. As u eers teen die einde Januarie betaal , is u effektief reeds agterstallig en moet u 'n dubbele paaiement betaal om nie agterstallig te wees nie. Indien u nog nie die registrasiegeld betaal het nie, moet dit asb dadelik betaal word!
- Indien u eenmalig wil betaal voor 28 Februarie 2012, is dit : R 8250 - R 750 registrasie fooi (indien dit reeds betaal is) = R 7500 – R750 (een maand) afslag = R 6750 streng betaalbaar (kontant/tjek/ direkte inbetaling in skool se bankrekening) voor 28 Februarie 2012.
- Indien u graag verdere inligting verlang i.v.m. die begroting of skoolgelde, is u welkom om enige van die Beheerliggaamslede of die skoolhoof te kontak. (M Erasmus : 082-821-6291 of M van der Merwe 082-378-3594)
- Ouers wat dink dat hulle kwalifiseer vir skoolgeld afslag of vrystelling, moet asb vroegtydig daarom aansoek doen. Kontak me Hyman vir inligting rondom die prosedures, aansoekvorms en dokumentasie.

T W Hoffmann

2. **BETAALWYSES**

2.1 Direkte inbetaling by die bank:

- Neem asb. kennis dat u gelde direk, of by wyse van die internet, in die skool se bankrekening kan inbetaal. Daar is egter 'n paar belangrike reëls om na te kom:
- Geen deposito sal deur die bank aanvaar word sonder deeglike beskrywing op die inbetalingstrokie nie.
- Op die strokie moet die **skoolgeldrekeningnommer** van die gesin voltooi word : bv. "A01", (of wat u skoolgeldrekeningnommer ook al is) by "deposito verwysing" en, in geval van ander betalings, 'n omskrywing (bv. "Rugbytoer" - Jan Vermaak - 3 V)

- NB !!! Die depositostrokie moet aan die skool gestuur / gefaks word vir kontrole doeleindes.
- Indien die verwysing nie duidelik is nie, sal die gelde in ‘n afwagrekening geplaas word, totdat bewys gelewer is van deponering en verwysing uitgeklaar is.
- Indien gelde in ‘n bondel inbetaal word, moet ‘n duidelike uiteensetting van die verdeling aan die skool gefaks / gestuur word, anders sal die volle bedrag op die skoolgeldrekening inbetaal word. (Bv. “Skoolgelde – R750”, ” Rugbytoer – R800”, “Fotogelde – R30", ens).

ABSA BANK :	**Rekening naam:**	**Rekeningnommers :**	**Takkode :**
Skool :	Laerskool Baanbreker	230 750 068	630 342
Naskool :	Baanbreker Naskoolsentrum	230 143 358	630 342
Kleuterskool :	Baanbreker Kleuterskool	405 165 9559	630 342

2.2 Kontant of tjeks:

- Ons versoek vriendelik dat skoolgelde wat saam met die kinders skool toe gestuur word per tjek sal geskied en nie in kontant nie. Dit word dan by die oudste kind se voogonderwyser inbetaal.
- Indien u wel in kontant wil betaal, moet u dit persoonlik direk by die finansiële kantoor inbetaal en dit asb. nie saam met die kinders stuur nie.
- Afsonderlike betalings moet gemaak word vir Skoolgelde, Naskoolsentrumgelde en Kleuterskoolgelde en moenie op dieselfde tjek wees nie.

Plaas die betaling in ‘n koevert en skryf daarop :

1. **Die kind se naam**
2. **Graad**
3. **Rekeningnommer (waar van toepassing)**
4. **Doel waarvoor die geld is**
5. **Die bedrag**

2.3 Verminderde skoolgelde:

- Indien u van mening is dat u kwalifiseer vir verminderde skoolgelde, kan u navrae doen by die finansiële kantoor. Dit word bereken volgens die voorgeskrewe departementele glyskaal. Persone wat spesiale goedgekeurde reëlings het, moet onthou om vir die nuwe jaar van nuuts af aansoek daarvoor te doen.

3. HANDBOEKE EN HANDLEIDINGS

Laerskool Baanbreker is bevoorreg om nog handboeke en handleidings gratis aan u kinders te kan verskaf.
Boeke moet met groot sorg opgepas word !!!

Met die koms van die nuwe CAPS – kurrikulum word nuwe handboeke vir Gr 1-3 aangekoop. Die Gr 4-7 leerlinge gebruik enkele van die ouer handboeke, asook handleidings. Sal u asseblief so vriendelik wees om te help met die oppas en herstel van die handboeke wat u kind hierdie jaar ontvang. Trek asseblief alle handboeke en handleidings oor met plastiek. ‘n Tas met afskortings word aanbeveel. Handboeke asook handleidings wat wegraak of verniel word, sal ten volle betaal moet word. Let asb daarop dat ‘n minimum fooi van R 100 gehef word vir ‘n verlore handboek, leesboek of vir 'n handleiding.

4. AFSPRAKE

Neem asb. kennis dat die hoof en personeel nie in die oggende voor skool, vanaf 07:10 tot 07:40, beskikbaar is vir afsprake nie. Hierdie eerste halfuur voor skool in die oggend word afgestaan aan ‘n personeelvergadering om die dag se verrigtinge te bespreek. U is welkom om afsprake te reël vir later in die dag. Maak asb vooraf 'n afspraak as u 'n personeellid wil sien, sodat dit geleë is vir u en die personeellid – ons is heilig op akademiese tyd, ter wille van die onderrig van die leerlinge! Afsprake vir die leerlinge met geneeshere en tandartse moet sover moontlik na skool gereël word. Indien leerlinge vroeër huistoe moet gaan a.g.v. een of ander dringende saak, moet ouers asb, volgens wetgewing, skriftelik daarom aansoek doen by die hoof. Daar moet ook aangedui word **wie** die leerling sal kom afhaal en/of terug besorg. Die persoon wat hulle afhaal, moet by die algemene kantoor aanmeld en die register teken. Ons maak staat op u samewerking in die verband.

5. KLEREBANK

Ons skool se klerebank funksioneer tans baie effektief en ons nooi al ons ouers uit om van hierdie diens gebruik te maak. Ons sal dit egter baie waardeer as u sal kennis neem van die volgende reëlings :

- Die klerebank sal oop wees op : **Dinsdae** en **Donderdae** tussen 07:15 en 08:15.
- Wanneer daar egter 'n dringende behoefte gedurende ander tye ontstaan, sal Mev. Liebisch behulpsaam wees.
- Daar is regtig heelwat 2de-handse klere beskikbaar teen baie billike pryse. (hoewel nie altyd van alle soorte en groottes nie!) Onthou asb. dat die klerebank tydens die oueraande in die eerste kwartaal oop sal wees.
- Ons ruil nie klere om vir ander nie.
- Behoeftige ouers moet asb vrymoedigheid neem om Mnr. Paulsen persoonlik te kontak , sodat ons kan kyk waar ons kan help.
- Indien u goeie gehalte skool- sowel as gewone klere het wat u nie meer kan gebruik nie, sal ons dit waardeer as u dit aan die klerebank kan skenk.

Ons benodig nog mammas wat kan help in die klerebank, aangesien 'n paar van die ou staatmakers se kinders nou uit die skool is. Dit behels regtig nie baie van u tyd nie. As u kan help, kontak asb vir mnr Paulsen.

6. **VERSKAFFER**

Alle skooldrag is beskikbaar by die volgende verskaffers :

- "Peephole", Market Str, Boksburg
- "School & Leisure", Winkel 12, K90 Mall, Boksburg

7. **OUERAAND**

Die eerste oueraand vind plaas op Woensdag 1 Februarie 2012 om 18:30. Ons versoek dat u die oueraand bywoon, aangesien belangrike sake daar met u bespreek gaan word. Die oueraand sal om 18:30 begin in die skoolsaal en ons beweeg om ongeveer 19:15 na die klasse waar u die personeel persoonlik kan ontmoet.

8. **OUERBETROKKENHEID**

'n Betrokke ouer is 'n ingeligte ouer. U is welkom om deel te wees van ons BOK-komitee (Baanbreker Ouerkomitee). Daar sal ook 'n samestelling van die BOK-komitee en die verskillende klas-en graadverteenwoordigers wees in die saal, na afloop van die oueraand om ongeveer 20:00. Indien u belangstel, kontak Mnr Eugene Laäs by (011)896-5216/7.

9. **NASKOOLSENTRUM**

Daar is nog plek in die Naskoolsentrum vir leerlinge. Indien u belangstel, is u baie welkom om met Me. I. Venter te skakel by 896-5126/7 of sel 083 650 3829

Die fooi is:	R 580.00 per kind per maand vir 11 maande (1 Januarie – 1 November)				
Dagbesoek fooie :	Voldag :	07:00	-17:30 (vakansie)	-	R 70,00
	Halfdag:	13:30	-17:30	-	R 40,00

10. **REKENAARGESTEUNDE / KLEINGROEP REMEDIëRENDE ONDERRIG**

Hierdie klasse begin DV op 30 Januarie 2012. Indien u van mening is dat u kind daarby sou baat vind, skakel u kind se voogonderwyser/es of me. Ria Strydom / mnr Eugene Laäs by die skool (011-896-5126). Aan die begin van Gr. 1 word daar gekonsentreer op die perseptuele program. Later volg klank en woordherkenning. Daar is Wiskunde, Afrikaans en Engelse programme vir Gr. 1 tot Gr. 7 vir remediëring. Die koste is R300 per kwartaal en leerlinge moet vir 'n minimum van een kwartaal inskryf. ('n Leerling kan nie begin met die lesse voordat die fooi nie betaal is nie.) Die klasse vind plaas gedurende skooltyd in gepaste periodes of na skool, soos gereël.

. **Ria Strydom**

11. **ADVERTENSIES**

Indien u belangstel om in die omsendbriewe te adverteer, is u baie welkom :
Kostes is as volg:

'n Volblad	(A4)	grootte :	R 650 per geleentheid
'n Halfblad	(A5)	grootte :	R 400 per geleentheid
'n Kwartblad	(A6)	grootte :	R 250 per geleentheid

*** By bogenoemde 3 opsies moet u 'n meester voorsien.

Vir klein advertensies (nie meer as 30 woorde nie) is die koste R 100 per geleentheid.
Om strooibiljette te versprei onder die ouers kos R 250 per geleentheid (u voorsien die biljette).

U is ook welkom om ons te kontak vir ander advertensie-moontlikhede, soos advertensieborde op die terrein, ens.

Navrae : Eugene Laäs of Adli Liebisch (896-5126/7)

12. **BORGE ONDERSTEUNING**

Ondersteun asb. die borge wat in bv. Omsendbriewe, huiswerkboeke en op die advertensiebord adverteer. Meld dat u 'n Banie-ouer is wanneer u by enige van die borge aankope doen. Die terugvoer is belangrik vir die plasing van verdere advertensies, waardeur die skool finansieël baat. (U kan ook 'n Makrokaart en/of 'n "My school"-kaart deur die skool bekom. Die skool kry dan 'n persentasie van die aankope terug!) Meer inligting hieroor volg binnekort!

13. **BUITENGEWONE AKTIWITEITE BY BAANBREKER**

- **Baanbreker Kleuterskool** (e-pos : baanbreker@mweb.co.za)
  Die Kleuterskool huisves kleuters vanaf 2½ tot 6 jaar.
  Registrasiegeld : R900
  Her-registrasiegeld : R650
  Kostes : R800 per maand per kind (vir 11 maande).
  Die Kleuterskool het sy eie naskoolsentrum en die koste beloop R380 per maand per kind (vir 11 maande).
  Kontak : **Karin Steenkamp/Annerie Hyman -** Telefoon : 896-5122/6 of 072-155-4602
  : **Margaret J. Van Vuuren -** Telefoon : 084-668-4748 (Naskool)
- **Spraakterapie, arbeidsterapie en sielkundige berading** :
  Kontak Mnr. H. Malan om reëlings te tref. Let asb. daarop dat bogenoemde aktiwiteite teen 'n fooi by die skool aan u kind gebied word.
- **Rekenaargesteunde Remediërende klasse**
  (Reeds bespreek in vorige paragraaf)
- **Naskoolsentrum -** (Reeds bespreek in vorige paragraaf)
- **Voortrekkers -** Verdere inligting volg
- **Ballet, Moderne Dans & Solo Latin American** - Kontak Frances Walters : 082-928-8025
- **Judo** - Kontak : Ernest Louw : 082-722-9088
- **Dramaklub** - Kontak : Hugo Steenkamp : 083-657-1260
- **Brainy Kids** - Kontak : Zen Cosani 083-717-0134

14. **SPORT EN KULTUURAKTIWITEITE VIR HIERDIE KWARTAAL**

- Skaak - Kontak me. A. de Vos : 896-5126/7
- Atletiek - Bylaag C van hierdie omsendbrief verwys
- Redenaars - Kontak me. L. Loots of J. Le Roux
- Rugby - Verdere inligting volg
- Rooivalkie rugby - Verdere inligting volg
- Netbal - Verdere inligting volg
- Junior en Senior Sanggroep - Kontak me. R Pretsch : 896-5126/7
- (Ander aktiwiteite sal mettertyd bekendgestel word. U word asb versoek om die leerlinge aan te moedig om alle aktiwiteite en oefeninge getrou by te woon!)

15. **GEDRAGSKODE**

Die gedragskode vir die leerlinge kan gevind word in die huiswerkboekie wat elke kind ontvang het. (Die Gr 1 se gedragskode is in die (S)kindernuusboekie en die Gr 2's s'n is in die Gr 2 lêer) Dit is belangrik dat die ouers en leerlinge op hoogte is van wat in die gedragskode vereis word. Een van die ouers, asook elke kind, moet onder aan die gedragskode teken as bewys dat daar kennis geneem is van die gedragskode en dat die leerlinge dit verstaan. (Dit sal deur die voogonderwyser gekontroleer word).

16. **DISSIPLINE (Belangrik !!!)**

U vriendelike, dog dringende aandag en samewerking word gevra t.o.v. die volgende sake :

Ons ondervind probleme met leerlinge wat :

* nie omsendbriewe of boodskappe deurgee nie
* skoolklere, tasse, sakke en persoonlike eiendom verloor of verlê.
* skoolbenodigdhede / kosblikke / boeke, ens, tuis vergeet.
* nie behoorlike reisreëlings tref nie.
* nie die skool se eiendom respekteer nie en vernielsugtig is.

Daar word dan van die sekretaresses / personeel verwag om te help. Onnodige telefoonoproepe moet gemaak word, die interkom moet te veel gebruik word – wat weer inbreuk maak op onderrigtyd, ens, ens ... Ons help graag in **onvermydelike omstandighede** - dit moet egter asb. beperk word.

'n Vriendelike beroep word op ouers en leerlinge gedoen om asb die omsendbriewe te lees !!! Dit bly die effektiefste kommunikasiekanaal, mits dit wel gelees word. Daar word moeite gedoen om u op hoogte van sake te hou. Baie navrae kan sodoende uitgeskakel word. Ons weet u sal verstaan en help.

17. TELEFOONNOMMERS

Soos wat u dalk al ondervind het, is die skakelbord gewoonlik baie besig. Ten einde tyd te bespaar, sal dit help indien u die regte nommer vir die regte saak skakel. Gebruik gerus die volgende nommers :

Skool (algemeen)	:	896-5126/7
Finansies	:	896-2978
Telefaks	:	896-3719
E-pos	:	**algemeen@banies.co.za**
Naskoolsentrum (skool)	:	896-5126/7 of 083 650 3829 : Me Venter / Me Strydom
Kleuterskool se naskool	:	084 668 4748 : Me Janse v Vuuren
Kleuterskool (07:00 - 13:00)	:	896-5122 / 072-155-4602
Kleuterskool E-pos:	:	**baanbreker@mweb.co.za**
Webblad	:	www.laerskoolbaanbreker.co.za

18. SKOLIERPATROLLIE EN PARKERING

Parkering is en bly maar 'n probleem by ons skool. Die tydfaktor, verkeersdrukte en ongerief beproef 'n mens se geduld. Daarby is die verkeersdepartement baie streng i.v.m die oortreding van verkeersreëls om die skool. Ons weet die parkeerplek is min, maar u moet asb nie:

- Dubbel parkeer nie
- Op geel strepe parkeer nie
- Op die busse se plek parkeer nie
- Op die skolierpatrollie-oorgange parkeer nie
- Binne 9 meter van 'n hoek af parkeer nie.

Werk asb saam met die skolierpatrollie deur:

- Die tekens en bevele te gehoorsaam
- Die kinders aan die regte kant van die pad af te laai
- Spoed te verminder naby die skool en oorgange
- Baie geduldig te wees

Die skolierpatrollie het werklik 'n baie onbenydenswaardige en ondankbare taak, maar hulle is onontbeerlik vir die veilige begeleiding van ons leerlinge oor die straat en veiligheid kom tog eerste! Hulle verdien ons samewerking.

Verder moet u asb daarop let dat die deurgang voor die gr 2-klasse slegs vir **stop-aflaai-ry** bedoel is en dat u nie daar kan parkeer en die motor verlaat nie – dit belemmer die deurvloei van verkeer baie! Dit is ook nie bedoel vir voetgangers se gebruik nie – ter wille van veiligheid!

Die Naskoolsentrum en Kleuterskool moet asb gebruik maak van die hek in Langenhovenstraat.

U word ook vriendelik versoek om nie leerlinge elders binne die terrein op/af te laai nie. Met die personeel wat in die oggende by die afdakke moet in- en- uit, is die verkeer daar geweldig druk. Ry asb ook in die middae baie stadig in-en-om die terrein. Die hek by die afdakke is nie vir voetgangers se gebruik nie.

U word asb ook baie mooi versoek om nie op die personeel se parkeerplekke te parkeer nie. Dit veroorsaak baie ongelukkigheid en versuur verhoudinge. Tydens funksies word daar voorsiening gemaak vir die ouers om op die B-veld te parkeer. Baie dankie dat u verstaan!

19. **WAGKLAS VIR GR. 1, 2 EN 3**

Let asb daarop dat daar ‘n wagklas gereël is vir Gr 1 – 3 leerlinge vanaf 13:00 tot 13:30, vir die leelinge wat die naskoolsentrum bywoon, asook vir leerlinge wie se ouers hulle eers om 13:30 kom afhaal. Hulle sal onder toesig wees vir bg. tyd en kan by haar afgehaal word by die klein speelparkie. **Geen leerling mag dus gedurende hierdie tyd op die terrein ronddwaal nie.** Na buitemuurse aktiwiteite kan die leerlinge by die hekke in Langenhoven- en Watermeyerstraat opgelaai word.

20. **AFHAAL VAN LEERLINGE**

Let asb daarop dat geen leerling in die middae sonder toesig by die skool mag wees nie. Ons vind dat daar ‘n aantal leerlinge is wat in die middae by die skool rondhang; veral by die Langenhoven hek – **dit mag nie!** Leerlinge moet direk na 13:30 huistoe gaan of afgehaal word. Hulle moet of by die Naskoolsentrum ingeskryf wees of by ‘n buitemuurse aktiwiteit betrokke wees. Ons kan nie kinders oppas of verantwoordelikheid neem vir kinders wat na 13:40 vir hul ouers wag nie. Sommige kinders wag heel middag, sonder toesig, vir ouers om hulle te kom haal en daar broei allerhande stoutigheid uit. Dankie vir samewerking in diè verband.

21. **OMSENDBRIEWE**

Kommunikasie met u as ouer geskied hoofsaaklik by wyse van omsendbriewe. Dit is dus belangrik dat u gereeld vir u kind vra of daar omsendbriewe is. Die leerlinge vergeet baie keer om hul omsendbriewe vir hul ouers te gee en so ontstaan daar kommunikasiegapings wat lei tot oningeligdheid en misverstande. Ten einde dit te verhoed, moet elke leerlinge ‘n “flip file” hê waarin die omsendbriewe geplaas word (een met ongeveer 20 sakkies). Agter in die leerlinge se huiswerkboeke is ‘n vorm wat u as ouer moet teken, sodat ons kan weet dat u kennis geneem het van die inhoud van die omsendbriewe. Die omsendbriewe word ook op die webblad geplaas.

22. **SMS-STELSEL**

Ons wil graag gebruik maak van 'n SMS-stelsel om by geleentheid met u te kommunikeer. Ons sal hoofsaaklik die selnommer van die moeder, soos op die inskrywingsvorm aangedui, vir diè doel gebruik.

23. **SLUITKASSIES (“Lockers”)**

Alle leerlinge vanaf gr 1-7 kan vanjaar sluitkassies huur waarin hulle persoonlike items of sportsakke kan plaas. Ons het addisionele sluitkassies bekom en die graad 1-3 leerlinge kan dus ook nou sluitkassies huur. Die huurgeld is R80 per jaar en dit sluit ‘n slot en sleutel in. Geen privaatslotte word toegelaat nie. Elke slot en sleutel is uniek. Indien ‘n sleutel verlore raak, kan ‘n duplikaat @ R30 aangevra word by me Strydom. Sluitkassies moet aan die einde van die jaar ontruim word en sleutels moet ingehandig word.

24. **KWARTAALPROGRAM** (Aangeheg)

25. **SKOOLDRAG** (Aangeheg)

26. **ATLETIEKPROGRAM** (Aangeheg)

27. **KLEREBANK BESTELVORM** (Aangeheg)

Vriendelike groete

T.W. Hoffmann
HOOF